

TERME EN VOORWAARDES

1. MANDAAT

- 1.1 Die Koper/Verkoper stel hiermee aan en magtig OVK, as die Koper/Verkoper se agent, om die finansies te hanteer van transaksies wat partye direk self sluit.
- 1.2 die omvang van OVK se mandaat is beperk tot:
 - 1.2.1 die hantering van die proses van die koop en verkoop van OVK en OVK aandele alleen in gevalle waar daar ooreenstemmende teenpartye is (m.a.w. koop en verkoop op 'n agentbasis alleen) en sodanig deur die partye versoek.
- 1.3 Die Verkoper stel hiermee met mag van substitusie die Groepsekretaris van OVK ex officio, of enige uitvoerende direkteur van OVK aan om enige oordragvorm en ander relevante dokumentasie wat benodig mag word ter uitvoering van hierdie mandaat en om aandele na die Koper oor te dra, te voltooi en te onderteken.
- 1.4 Die Kliënt wat gelde verskuldig is aan OVK doen afstand van enige regte, titel en belang wat die Kliënt gehad het in en ten opsigte van die aandele en bevestig hiermee en kom ooreen dat hy/sy alle aksies deur die agent geneem in terme van hierdie volmag, ratifiseer en bevestig en magtig hy/sy OVK om transaksies aan te gaan en te sluit in verband met die verkoop van kliënt se aandele.
- 1.5 Die Verkoper waarborg hiermee dat die aandele die Verkoper se alleen eiendom is en vry is van enige beswaring of aanspreeklikheid of regte van derde partye (bv. sekuriteitshouers), met uitsluiting van enige beswaring ten gunste van OVK, indien van toepassing.
- 1.6 Die Partye waarborg hiermee dat hy/sy nie oor binne-inligting beskik soos gedefinieer in die Financial Markets Act 19/2012 nie en vrywaar die Maatskappy en hul werknemers en beamptes hiermee teen enige skade, verlies of aanspreeklikheid wat gely mag word as gevolg van die verbreking van sodanige waarborg.
- 1.7 Die Koper waarborg dat in die geval van die koop van aandele, die fondse en die bron van sodanige fondse wettig is en nie direk of indirek die opbrengs van enige onwettige aktiwiteit is nie (insluitend sonder beperking enige oortreding van die Suid-Afrikaanse Valutabeheer Regulasies), soos gedefinieer in die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdad, No 121 van 1998, soos gewysig en die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, Wet no. 38 van 2001 of enige ander tersaaklike wetgewing.

2. ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

- 2.1 Die Partye vrywaar die Maatskappy ten opsigte van enige inkomstebelasting of ander belastings of heffings van welke aard ookal, ten opsigte waarvoor die Partye aanspreeklik mag raak of wat betaalbaar mag raak, na aanleiding van enige aksies namens die Partye deur OVK geneem in terme van hierdie mandaat, en in besonder belasting op rente of kontant deur OVK namens 'n Partye gedeponeer in terme van hierdie mandaat;
- 2.2 Die Partye vrywaar hiermee die Maatskappy en enige derde party waarmee die Maatskappy namens die Partye kontrakteer en stel die Maatskappy en enige sodanige derde party vry van:
 - 2.2.1 enige verlies gely ten behoeve van die Partye na aanleiding van en voortspruitend uit enige bona fide transaksie in terme van hierdie mandaat;
 - 2.2.2 enige en alle eise, skade, aanspreeklikhede, koste en onkoste, insluitend redelike prokureurs koste, wat teen die Maatskappy ingestel mag word weens die bedryf van die Kliënt se rekening.

- 2.3 Die Partye verleen hiermee toestemming dat OVK opnames mag maak van enige telefoongesprek tussen 'n Party en enige lid van die Maatskappye se personeel en erken dat dit internasionale praktyk is en alleenlik gebruik word vir die doeleindes van die beslegting van dispute wat mag ontstaan ten opsigte van telefoniese advies of instruksies.
- 2.4 Waar bevestiging van 'n transaksie by wyse van elektroniese medium aan die Partye gestuur word, of waar die nodige pinkodes aan 'n Party gestuur word ten einde transaksies te kan laai op die OVK webblad na die selfoon nommer soos gelys op die eerste bladsy van hierdie dokument/aansoekvorm/mandaat, sal die Maatskappye nie teenoor die Party of enige ander persoon wat die bevestiging of sms-boodskap met die pinkode ontvang, aanspreeklik wees vir enige direkte, indirekte of gevolglike aanspreeklikheid, verlies, skade of koste van enige aard of voortspruitend uit die feit dat die bevestiging by wyse van elektroniese medium geskied het of die sms-boodskap met die pinkode gestuur is nie, ongeag of dit mag voortspruit uit die vernietiging van data, stelsel wanfunksie, onderbreking van kommunikasie of enige ander probleem waaroor die maatskappye geen beheer het nie.
- 2.5 Die Party kies as sy/haar domicilium citandi et executandi vir doeleindes van die betekening van alle kennisgewings en prosesstukke ingevolge hierdie mandaat, die fisiese adres wat in hierdie mandaat verskyn, of enige ander adresse wat per skriftelike kennisgewing aangedui mag word, welke wysiging 21 dae na sodanige skriftelike kennisgewing effektief sal word.
- 2.6 Hierdie aanbod mag te enige tyd voordat 'n finale transaksie met die ander party gesluit is, skriftelik herroep word.
- 2.7 Die partye verleen ook hiermee uitdruklike toestemming dat hulle besonderhede aan voornemende Verkopers/Kopers bekend en beskikbaar gesel kan word ten einde kontak te maak om oor 'n transaksie te onderhandel.
- 2.8 Hierdie mandaat bevat al die terme en voorwaardes wat die kontraktuele verhouding tussen die Maatskappye en die Kliënt sal beheers. Daar bestaan geen terme, voorwaardes, reëlings, verstandhoudinge, waarborge of voorstellings ten opsigte van die onderwerp van hierdie mandaat, en wat die partye bind, wat nie hierin vervat is nie.
- 2.9 Hierdie mandaat mag alleenlik, maar onderworpe aan die bepaling van klousule 2.11 van hierdie dokument / aansoekvorm / mandaat by wyse van skriftelike ooreenkoms tussen die partye verander of gewysig word.
- 2.10 Die Partye erken hiermee dat hy/sy die terme en voorwaardes van die OVK beleid met betrekking tot die verhandeling van aandele deurgelees het en dit verstaan. Die terme en voorwaardes van die OVK beleid met betrekking tot die verhandeling van aandele word hiermee en deur hierdie verwysing daarna geïnkorporeer by hierdie ooreenkoms asof dit uitdruklik hierin vervat is.
- 2.11 Die terme en voorwaardes soos vervat in hierdie dokument asook die OVK beleid met betrekking tot die verhandeling van aandele word op die OVK webblad gelaai met adres www.ovk.co.za. Die Partye erken en bevestig hiermee dat:
- 2.11.1 Die genoemde terme en voorwaardes soos vervat in hierdie dokument asook die OVK beleid met betrekking tot die verhandeling van aandele ter enige tyd en sonder enige kennisgewing aan die Partye gewysig mag word; en
- 2.11.2 Dit die Partye se verantwoordelikheid is om homself /haarself elke keer te vergewis van die terme en voorwaardes op hom/haar van toepassing en of dit deur OVK gewysig is sedert die laaste keer wat die Partye enige handeling verrig het soos bedoel in hierdie dokument/aansoekvorm/mandaat.

2.12 Voornemende Verkopers erken hulle verpanding en sessie van hulle aandele aan OVK en gee toestemming dat OVK binne hulle uitsluitlike diskresie die koopsom mag aanwend teen enige rekening van die Verkoper na goeddunke.